# JEUGLES - God die Vader

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER 1: Scavenger Hunt

- Groepe beweeg buitetoe en probeer so 5 items optel wat hulle aan God laat dink
- Hulle gaan terugvoer in die groepe gee, so hulle moet weet hoekom hulle dit optel.

## 3. YSBREKER 2: Wat weet julle van God af?

- Elke groep kry ‘n blaai en ‘n pen
- Die kinders moet aan soveel goed as moontlik dink wat hulle van God weet
- Dit kan sy name, sy eienskappe wees, ook wat Hy gedoen het – ons wil probeer uitvind hoeveel hulle wel weet, so moedig hulle aan om soveel as moontlik neer te skryf

## 4. YSBREKER 3: Wie is God?

- *Elke groep kry ‘n eienskap van God wat hulle aan die grootgroep moet probeer verduidelik en uitbeeld op ‘n manier wat die kinders sal help om dit beter te verstaan. Elke groep gaan ‘n hulpmiddel / (s) kry om hulle te help om dit makliker te maak.*

- **ALOMTEENWOORDIGE GOD**: God is die heeltyd, oral gelyk
  **Hulpmiddel**: Horlosie

***Jerm 23:24*** - Niemand kan in ‘n geheime plek wegkruip sonder dat Ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here

- **ALWETENDE GOD**: Hy weet die verlede, die hede en die toekoms, Hy weet selfs wat JY op hierdie oomblik dink!
  **Hulpmiddel**: Hoed

***Ps 139:1-4*** - Here, U sien dwardeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie ‘n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees!

- **GOD VAN BELOFTES:** Hy maak hulle en kan hulle nie verbreek soos ons mense nie
  **Hulpmiddel:** Ring/trourok

***Num 23:19*** - God is nie ‘n mens dat Hy sou lieg nie, ‘n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets se en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?

- **DIE SKEPPER VAN ALLES OP AARDE**:
  **Hulpmiddel**: kwas

***Jes 45:18*** - So sê die Here, Hy wat die hemel geskep het, Hy wat alleen God is, Hy wat die aarde gevorm, gemaak het, dit gereed gemaak, geskep het, dit gevorm het, nie om leeg te wees nie, maar om bewoon te word: Ek is die Here; daar is geen ander nie

- **DIE EWIGE GOD**: Hy was nog altyd daar en sal vir altyd daar wees; daar is geen begin of einde aan Hom nie
  **Hulpmiddel**: Rekkie

***Ps 90:2*** - Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot weigheid is U God!

- **ALSIENDE GOD**: God SIEN alles wat daar is om te sien, jy kan niks vir Hom wegsteek nie
  **Hulpmiddel**: Bril

***Heb 4:13*** - Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor Sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.

- **ALMAGTIGE GOD**: Hy kan enige iets doen wat Hy wil doen
  **Hulpmiddel**: Septer

***Jerm 32:17*** - Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur U groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie Jerm 32:27 Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?

- **God is 'n Drie-eenheid**: Hy is 3 persone in een: Vader, Seun, Heilige Gees
  **Hulpmiddel**: Tripod

***Matt 28:19*** - Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees

- **SELFVERSORGEND**: God het niks nodig nie
  **Hulpmiddel**: Handskoen

***Hand 17:25*** - Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee

- **ALLERHOOGSTE**: Daar is niks en niemand groter of sterker as God nie, Hy is die 'ultimate'
  **Hulpmiddel**: Kroon

***Jes 43:13*** - Ook hierna is ek nog God. Uit my mag kan niemand gered word nie. Wat Ek doen kan niemand ongedaan maak nie.

## 5. GROOT EN WONDERLIKE GOD: PPT / Videoclip

- Ek wil hê dat julle vanaand amaze moet word deur die groot God wat ons aanbid en dien
- En ek wil vir jou vra, dat terwyl ek dit vir julle wys, jy jouself die vraag die heeltyd afvra: - Kan 2 stofdeeltjies wat teen mekaar bots sulke groot en wonderlike dinge 'gemaak' het?

- Kan hierdie komplekse goed wat God gemaak het, REGTIG vanself verander sonder dat IEMAND baie groter iets daarmee te doen het.
- In die skool leer julle van evolusie en die big bang teorie, maar God het vir elkeen van ons ‘n gesonde verstand gegee om mee te DINK!!
- So ek wil vanaand vir jou vra, terwyl jy hierna kyk, DINK of ‘niks’ DIT kon maak?? - Want my gesonde verstand sê vir my dat dit so complicated is, dat daar IEMAND baie groter moet wees wat dit beplan het.
- Word vanaand amaze deur die GROOT God wat ons aanbid se handewerk as die Skepper van alle dinge!

## 6. SLUIT AF MET GEBED IN JULLE GROEPE EN DEEL SELFONE UIT